



BEPALINGS EN VOORWAARDES RevueSA 2016

1. INSKRYWINGSFASE:

- a. Die RevueSA 2016-revuekompetisie word vir skole aangebied en daarom kan alle laerskole en hoërskole inskryf. Die Reëls en Regulasies verskyn by www.revues.co.za.
- b. Elke inskrywing moet van 'n inskrywingsvorm vergesel word. Die inskrywingsvorm is op ons webwerf by www.revues.co.za of by Lefra Communications and Marketing by (011) 815 3000. Jy kan ook 'n epos stuur aan admin@lefra.com.
- c. Daar is geen beperking op die hoeveelheid revues wat die skool inskryf nie. Keuring is onderhewig soos per die Reëls en Regulasies.
- d. 'n Inskrywingsfooi van R3,000,00 per skool is betaalbaar. Sou die skool gekeur word om deel te neem aan Revue SA 2016, is 'n verdere nie-terugbetaalbare R2,000.00 per skool betaalbaar. Indien die skool nie gekeur word nie, is die aanvanklike inskrywingsfooi van R3,000.00 nie terugbetaalbaar nie. Die skool/revue verstaan ook dat indien 'n revue gekanselleer word, geen gelde terugbetaalbaar is nie. Betalings kan elektronies in die volgende bankrekening gedeponeer word: Zibivista (Pty) Ltd. t/a Lefra Communications and Marketing, Nedbank Springs, takkode: 190742, lopende rekening 108 480 9486. Die bewys van betaling moet jou inskrywingsvorm vergesel.
- e. Die inskrywingsvorm, tesame met die 12 tot 20 minute videogreep (wat nie professioneel gedoen hoef te wees nie) moet per voorkeurpos of geregistreerde pos gestuur word aan:
 - o Revue 2016
 - o Posbus 10552
 - o Strubenvale
 - o 1570Dit kan ook per hand by die produksiekantoor afgelewer word by Singlehurstweg, 17, Casseldale, Springs, 1560.
- f. E-pos-inskrywings kan gestuur word na admin@lefra.com. Inskrywings wat per e-pos gestuur word, moet vergesel word van 'n inskrywingsvorm. Geen inskrywings daarsonder sal aanvaar word nie.



McCarthy Volkswagen Arcadia



- g. Indien jy die videogreep op CD, DVD of geheuestafie stuur, sal dit nie teruggepos word nie. Maak dus seker dat jy vir jousef 'n kopie maak, voordat jy dit instuur.
- h. Elke inskrywing moet op 'n aparte inskrywingsvorm gedoen word.
- i. 'n Beoordelaarspaneel sal die deelnemers kies wat aan Revue 2016 sal deelneem. Hierdie besluit is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- j. Enige direkteur, lid, vennoot, werknemer, agent of konsultant van die promotor en enigiemand wat die promotor beheer of deur die promotor beheer word, sowel as verskaffers van goedere of dienste wat verband hou met die kompetisie, mag nie deelneem nie. Geen werknemers van M-Net, kykNET, Lefra Communications and Marketing, en die borge van Revue 2016 mag vir die kompetisie inskryf nie.
- k. Die sluitingsdatum vir inskrywings vir Revue 2016 is 26 Augustus 2016 om 16:00.
- l. Gekeurde deelnemers sal op 31 Augustus 2016 bekend gemaak word.

2. PRYSE:

Skole wat hulle revues ingeskryf het, staan 'n kans om die pryse te wen. Die skool wen dus die prys en moet aangewend word tot voordeel van die skool en nie tot voordeel van 'n individu nie. Waar die pryse wel vir individue gaan, sal die skoolhoof van die wenskool die finale besluit maak aan wie die prys gaan. kykNET en Lefra Communications and Marketing gaan nie in enige kommunikasie hieroor betrokke raak nie.

a. Kontantpryse:

- i. Laerskole:
 1. Eerste Prys: R10 000
 2. Tweede Prys: R5 000
 3. Derde Prys: R3000
- ii. Hoërskole:
 1. Eerste Prys: R10 000
 2. Tweede Prys: R5 000
 3. Derde Prys: R3000
- iii. Oorkoepelende prys:
 1. Algehele Wenner: R15 000
 2. Hierdie prys word toegeken aan die Beste Revue wat vir REVUE 2016 ingeskryf het. Dit kan aan 'n laerskool of hoërskool toegeken word.
- iv. Die beoordelaars sal deur beoordeling die wenskole kies en die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal hieroor gevoer word nie.
- v. Die kontantpryse sal in die wenskole se bankrekenings betaal word en moet deur die skool vir skoolaktiwiteite aangewend word.

b. Vleispryse:

- i. Wen-laerskool: vleis ter waarde van R25,000.00 met die komplimente van Meat World
- ii. Wen-hoërskool: vleis ter waarde van R25,000.00 met die komplimente van Meat World
- iii. Die wenskole wen die vleis wat deur Meat World geborg word.
- iv. Die idee is dat die vleis vir die skool se voedingskema aangewend sal word.
- v. Die wenskole sal elkeen 'n bewys (voucher) ontvang dat hulle die vleis gewen het.
- vi. Die vleis moet by enige tak van Meat World afgehaal word.
- vii. Dit hoef nie alles op een slag geneem te word nie, maar dit moet wel by die verkose tak afgehaal word.
- viii. Vleis moet ten volle gebruik en afgehaal wees teen 30 Junie 2017.
- ix. Die skool kan self besluit watse tipe vleis hulle wil neem en die prys sal vasgestel word op die vleispryse van die dag by Meat World.

c. Oppiwater Kunstefees 2017- kajuit:

- i. Wen-laerskool: 'n kajuit vir 2 persone vir die Oppiwater Kunstefees;
- ii. Wen-hoërskool: 'n kajuit vir 2 persone vir die Oppiwater Kunstefees;
- iii. Die idee is dat hierdie prys gaan vir die wen-laerskool en wen-hoërskool se revue-organiseerders. Die skoolhoof van die betrokke skool gaan egter die finale besluit hieroor neem.
- iv. Die prys vir die Oppiwater Kunstefees 2017 sluit die volgende in:
 1. 'n Binne-Kajuit vir 2 persone op die MSC Sinfonia vir die Oppiwater Kunstefees;
 2. Datums: 30 April 2017 tot 5 Mei 2017;
 3. Vaart: Kaapstad – Walvisbaai – Luderitz – Kaapstad;
 4. Drie etes per dag met "snacks" soos deur MSC Sinfonia aangebied word;
 5. Twee kaartjies na al die produksies wat aangebied word Oppiwater Kunstefees;
 6. Alle belasting vir die vaart;
 7. Dekpartytjies.

- v. Die prys sluit NIE die volgende in nie:
 1. Vliegtuigkaartjies na en van Kaapstad. Alle wenners moet self in Kaapstad kom en moet self by die Hawe (Waterfront) kom waarvandaan die MSC Sinfonia sal vertrek;
 2. Drankies en ekskursies;
 3. Foto's, SPA, Internet, Telefoonoproep en enige ander dienste waarvoor die wenners MSC sal moet betaal.
- d. Die pryse kan nie geruil word vir kontant of enige ander tipe toer nie.
- e. Die pryse kan nie oorgedra word na iemand anders as die oorspronklike wenner nie.
- f. Pryse kan slegs geneem word in die datums wat aangedui is en in geen ander tye nie.
- g. Die wenner moet in besit wees van geldige reisdokumente. Indien die wenner nie reisdokumente het nie, sal die verkryging daarvan vir die wenner se eie rekening en tyd wees.
- h. Aangesien die Oppiwater Kunstefees op die MSC Sinfonia plaasvind, moet wenners asseblief daarvan kennis dra dat bestaande mediese toestande in ag geneem sal word. Deelnemers sal verwag word om mediese dekking te hê om in ag geneem te word vir die pryse.

3. ALGEMEEN:

- a. Lefra Communications and Marketing. MNet, kykNET kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese wat tydens 'n toer mag plaasvind nie.
- b. Die na-produksie van video's word volgens die produksiehuis se diskresie gedoen en die beslissing van die beoordelaars van die kompetisie is finaal. Daar sal geen briefwisseling daarvoor gevoer word nie.
- c. Skole moet deelnemers jonger as 18 jaar se ouers/voog se toestemming verkry voordat hulle kan inskryf.
- d. M-Net behou homself die reg voor om geredigeerde insetsels van die videomateriaal op M-Net en op sy Afrikaanse kanale uit te saai; asook die reg om hierdie materiaal eksklusief op enige wyse kommersieel te eksploiteer.